



Marda gesels ...

deur Marda Oosthuysen

Liewe Vriendin

Dit is baie laat in die nag en ek wonder oor my bydrae vir die Klits Klets. Ek weet nie eintlik waar om te begin nie, want sien, dit wil voorkom asof bittermin van ons lede hierdie Nuusbrieff lees. Daar gaan regtig baie tyd en energie in die samestelling van hierdie Nuusbrieff en belangrike inligting word maandeliks deurgegee. Hoe is dit moontlik dat ons lede so min geïnteresseerd is? Hoe kan ons dit verander?

*Ek wil darem baie dankie sê vir **jou** wat wel hierdie Nuusbrieffie lees. Jy sal op hoogte bly.*

Ons is bevoorreg om maandeliks ons lede met boeke vanaf CUM boeke en Lux Verbi Uitgewers te bederf – hierdie maand somer twee boeke per winner!

Liewe Vriendin, omdat jy moeite doen om hierdie brieff te lees sal jy presies weet wat in die binnekring gebeur. Jy sal ingelig wees oor

nuwe lede, oor die Beursfondsbydraes, oor die nuwe Granaat, oor kompetisies, resensies van nuwe boeke kan lees... van die hartklop van ons organisasie. LEES die Klits Klets asseblief!! Dameskring was onlangs ook genooi om die 'gesprek met President Ramaphosa' by te woon. Ons was almal baie opgewonde hieroor. Twee geleenthede was gereël, een in die Suid en een in die Noorde. Nelia Potgieter en Mariaan Herbert was getaak om dit in die Kaap by te woon. Elphi Taljaard (Gauteng-Suid) en ek het die geleentheid in Pretoria bygewoon. Die uitnodiging was nogal verwarrend, want almal het gedink dat dit 'n gesprek met die President self sou wees. Ek het 'n vermoede dat dit juis so opgestel was om 'n groot groep Afrikaanses bymekaar te trek... en dit het gewerk. Die opkoms was baie goed. Die gesprekvoering was uiters geslaagd en ek dink die doel daarvan baie sinvol. Kwellinge oor Afrikaanse onderwys en skole was hoog op die lys en daaroor sal sekerlik gesprek gevoer word op hoogste vlak indien die President die gesprekstyd toestaan. Kom ons hou maar duimvas.

Ek het toe somer ook in die kantoor gaan werk vir twee dae. Ek kon die argiefmateriaal, wat nogsteeds in bokse gestaan het, uitsorteer en vele ander bokse ook uitpak en sorteer. Dit was spesiaal om in die geskiedenis van ons geliefde DK te krap en ek het daar en dan besluit om 'n pragtige koffietafelboek te maak met al die heel belangrikste brokkies geskiedenis. Intussen het ek Sonja met 'n groot taak kon help. Al die bokse is uitgepak en sy kan nou alles liasseer en ons kantoor netjies georden kry.

Liewe vriendin, wees ingelig oor wat in ons organisasie gebeur. WAAK en WERK om steeds relevant te bly in tye soos nou.

Tot volgende keer

Marda

BELANGRIKE INLIGTING:

Stemming vir **UB-lede en die nuwe President se sluitingsdatum** is om die draai!

Nominasievorms is aanlyn beskikbaar by www.dameskring.co.za

Sluitingsdatum 31 Julie 2018

DK HOOFKANTOOR-inligting:

Nuwe direkte lyn: 012 701 1761

Nuwe faksnommer: 086 416 4782




CUM BOOKS



PROJEK-TERUGVOER**BEURSFONDS**

Beursfonds-aansoeke is oop vir die 2019-Studiejaar. Vir reëls en regulasies, asook die Aansoekvorm, gaan gerus na www.dameskring.co.za



Baie dankie vir die volgende bydraes ontvang (vanaf Maart tot Junie 2018):

Rooiypie	500.00	Vaalwater	200.00
Glenstantia Pretoria	800.00	Baakensvallei Port Elizabeth	400.00
Colesberg	210.00	Swartruggens	590.00
Boksburgpark Omgeekring	400.00	Protea Benoni	250.00
Burgersdorp	620.00	Fynbos	500.00
Faerie Glen Pretoria	600.00	Eersteling	2 000.00
Crescita Vanderbijlpark	320.00	Simfonie	500.00
Louisa Meyburg Port Elizabeth	400.00	Bergsig	1 500.00
Noupoort	500.00	Olienhout Port Elizabeth	500.00

Takke en lede word aangemoedig om reeds te begin bydra tot die 2018-Beursfonds. Baie dankie vir almal se getroue bydraes!

Indien u bydrae/u tak se bydrae nie hier reflekteer, kontak my asseblief by admin@dameskring.co.za om u bydrae in die Augustus 2018 Klits Klets te noem.



CUM BOOKS



GRANAAT-NUUS... ('n paar artikels waarna lede kan uitsien)

1. Granaat Volume 17

Ons is baie opgewonde oor die nuwe uitgawe. Elke uitgawe is baie spesiaal, maar hierdie een het net iets anders en die drukkers het dit ook so gestel.

2. Granaat Volume 18 November 2018 – Februarie 2019

Ons praat met: Thuli Madonsela

Borg 'n bladsy

Sielskos:

November: Annelize

Desember: Belinda

Januarie: Karen

Februarie: Belinda

Gespreksartikels:

November: Onthou jy nog – die dae voor Ultra City – Annelize

Desember: Gee om sonder geskenke - Belinda

Januarie: Nuwe jaar – Nuwe Uitdagings – Karen

Februarie: Uit die mond van die suigeling... - Belinda

DK-Dames is lief vir Afrikaans - Karen

DK-Dames het etiket – Ysbrekers vir 2019 / verbale en nie-verbale kommunikasie – Karen

Borg 'n bladsy verskyn elke kwartaal in die Granaat - dit is dus 'n deurlopende projek...

Advertensies kan geplaas word teen R150 per bladsy – 'n lyninskrywing – dit moet nie langer as 30 woorde wees nie. Bewys van betaling moet die borg se besonderhede (Naam en telefoonnommer & dorp) en lyninskrywing vergesel en na admin@dameskring.co.za gestuur word.

Sluitingsdatum vir advertensies: **31 Augustus 2018**



CUM BOOKS



TAKNUUS

NUWE LEDE

7362 Brenda van Zyl
 7363 Ciska van Rensburg
 7364 Jacqui January
 7365 Juliet Killian
 7366 Nellie Anderson
 7367 Lettie Hough
 7380 Orma Badenhorst

Baie welkom by *Die Dameskring!* Mag julle tyd met DK geseënd wees.

Ons wil graag meer van julle bedrywighede & prestasies weet...

Indien julle iets interessant het om te deel, 'n prestasie of sommer 'n 'onverwagte kuier-foto' wil ons dit graag in die Klits Klets plaas. So kan ons mekaar beter leer ken. Stuur gerus jul bydraes aan: admin@dameskring.co.za

Luister gerus na 'n onderhoud oor Beroerte-bewustheid wat RSG met Maritza Nel (Waterkloof, Aandblom) gevoer het.
https://dl.iono.fm/epi/prov_31/epi_579172_low.m4a?did=2b9ff3c1ad4523c6c471121ca9e13fbf58bo3387&p=web&download=1



WAARDES VIR WOELWATERS is beskikbaar by *Die Dameskring*, Hoofkantoor. Bestel gerus jul kopie(ë) by admin@dameskring.co.za



CUM BOOKS



BOEKRESENSIES VIR JULIE

Briewe aan God – Lizette Murray




Briewe is 'n intieme manier om met mekaar te kommunikeer. Gewoonlik wys 'n brief iets van jou hart se binnekant. Dit verklap jou drome, of vertel van jou smagting of vrese of diepste twyfel. Net so is ons gesprekke met God briewe waarin ons ons hart voor Hom uitstort.

Briewe aan God is 'n versameling van 50 van hierdie kort versugtinge, dankie-sê-sinnetjies en noodroepe aan God. Die briewe hanteer verskeie aspekte in die lewe, soos kwellinge oor 'n kind, die behoefte om 'n vriendin te vertrou, dankie-sê-briewe vir seëninge en nog vele meer. Ná elke brief is daar ook enkele Skrifaanhalings oor die onderwerp in die brief en 'n gebed.

Briewe aan God is doodgewone gesprekke en gebede op papier – gerig tot God – en geanker in sy Woord.

Lizette Murray is 'n joernalis en skrywer van inspirasieboeke, dagboeke, gebedeboeke en 'n Bybelstudiegids, *Stilword by God*, wat in 2017 deur CUM gepubliseer is. As onderwyseres en ma van vyf seuns ken sy die hart van 'n kind. 'n Aantal kinderboeke verskyn uit haar pen, asook 'n kinderdagboek, *101 Avonture saam met God*, en 'n gebedeboek vir kinders, *Gebede met vlerke*.

Dink Leer Floreer – Dr. Caroline Leaf



Hoe en wat ons dink, het 'n geweldige invloed op ons verstandelike, emosionele en selfs fisieke welsyn. Om die waarheid te sê, ons denke kan ons beperk tot dit wat ons glo ons kan doen, of dit kan ons dinge laat ervaar waarvan ons nooit kon droom nie. Wanneer ons 'n denkwysie kies wat ons vermoëns verruim, sal ons groter intellektuele satisfaksie, emosionele beheer en fisieke gesondheid ervaar. Die vraag is net: Hoe?

Dr. Caroline Leaf gebruik wetenskaplike navorsing en Bybelse insig om lesers te inspireer om beheer te neem van hulle gedagtes sodat hulle sodoende beheer kan neem van hulle lewens. Hierdie praktiese boek bevat die volgende:

- 'n 5-stap-leerprogram om geheue te verbeter en effektief te leer
 - 'n profiel om die unieke manier te ontdek waarop elke leser inligting verwerk
 - 'n gids om hulle gedagte-wêreld optimaal te leer benut
- Dr. Leaf wys lesers hoe om hierdie kragtige hulpmiddels te kombineer om beter te vaar op die gebied van geheue, leer, intellektuele prestasie, werkprestasie, fisieke prestasie, verhoudings, emosionele gesondheid en – die belangrikste van alles – 'n lewe vol sin en betekenis te ervaar.

Dr. Caroline Leaf het haar opleiding ontvang in Kommunikasiepatologie by die Universiteit van Kaapstad. Sy het ook haar Meestersgraad en PhD in Kommunikasiepatologie verwerf by die Universiteit van Pretoria. Dr. Leaf doen navorsing oor die menslike brein en fokus veral daarop om die brein se potensiaal te ontsluit. Sy woon tans in die VSA saam met haar man, Mac. Hulle het vier kinders.

Wedstrydvraag om beide CUM-boeke te wen: Noem die titels van beide boeke wat deur CUM-boeke geskenk word en deur een gelukkige DK-vriendin gewen kan word.


E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier), selfoonnommer en antwoord na: admin@dameskring.co.za

BAIE DANKIE AAN CUM UITGEWERS VIR DIE PRAGTIGE BOEKE WAT HIERDIE MAAND DEUR HULLE GEBORG WORD



CUM BOOKS





SKULD EN ONSKULD

RESENSIE: SIRKUS deur IRMA VENTER

Die boek Sirkus is die vyfde boek in die reeks deur Irma Venter. In hierdie reeks kom verskillende karakters herhaaldelik voor en speel in 'n mindere of meerdere mate die "hoofrol". Die hoofkarakter in hierdie verhaal, Adriana, het haar verskyning in 'n vorige boek, *Sondebok*, gemaak. In hierdie verhaal word al die drade van haar verhaal bymekaargetrek en die afwisseling van die verlede en die hede bied aan die leser 'n nuwe prentjie van hierdie fassinerende karakter.

Hierdie is 'n spanningsverhaal wat afspeel in verskillende ruimtes of lande, naamlik Suid-Afrika, Wes-Duitsland en Bulgarye, maar dis ook 'n verhaal van skuld en verraad en persoonlike verhoudings wat 'n mens se lewe kan omvergooi. Adriana se hele lewe verander wanneer haar Hollandse aktivis-pa in die tagtigerjare vermoor word en die sy deur die veiligheidspolisie afgepers word om Berlyn toe te gaan om die geldspoor te volg van die geld wat aan die ANC gegee word om die regering omver te werp. Adriana is jonk en beïnvloedbaar en sy het nie veel van 'n keuse nie. In Berlyn ontmoet sy vir Yasen Todorov en hier begin hulle dramatiese verhaal van hul verhouding.

Hierdie verhouding is eintlik skokkend vir die leser en 'n mens kom onder die indruk van hoe mense met mag en charisma ander kan manipuleer en misbruik. Dit is nie 'n gesonde verhouding nie en word gebou op geweld en vrees, maar is tog verslawend op 'n manier. Adriana is uitgelewer, alleen en in 'n vreemde land en die aandag wat sy van Yasen kry - hoewel dit dikwels negatief is - bestry haar eensaamheid. In die wêreld waar sy nou betrokke raak, geld ander reëls wat sy gou agterkom.

Daar is 'n paar belangrike elemente in hierdie boek wat baie funksioneel gebruik word in die verhaal. Karakters is baie belangrik. Aangesien dit 'n reeks boeke is en van die karakters in meer as een boek verskyn, is elke karakter en hul funksie en ontwikkeling belangrik. In hierdie verhaal word die karakters se name en ook die "werke" wat hulle in die sirkus vervul, 'n aanduiding van hul karaktereienskappe. Adriana as mesgooier, is iemand wat baie perfeksionisties is, maar ook aangetrek word deur mag en nie noodwendig wegsram van geweld nie. Boris, as die sterkman (oud-bokser) tree op as haar beskermmer, tot teen die einde van die boek. Jakkals, van die veiligheidspolisie, is die persoon wat haar manipuleer en op 'n subtiele manier 'n rat voor die oë draai, maar ook die karakter wat 'n tipe van ommekeer ondergaan, hoewel 'n jakkals nie van streke verander nie. Hy is 'n karakter wat tog simpatie by die leser wek, al is hy nie die protagonis nie.

'n Volgende element is die verskillende ruimtes wat gebruik word. Dit hou die verhaal interessant en die leser word bewus van die parallelle ontwikkeling van Duitsland en Suid-Afrika se veranderende omstandighede in die tagtiger- en negentigerjare. Die ruimtes skei ook op 'n manier die storielyn: die spanningsverhaal wat in die hede in hoofsaaklik Suid-Afrika afspeel, wat afgewissel word met die verhaal uit die verlede wat weer hoofsaaklik oorsee

afspeel. Hierdie wisselwerking tussen die hede en die verlede skep 'n 'n motivering vir die karakters se handeling en maak die optrede relevant. Die spanningslyn word ook hiermee onderhou en die leser word gedwing om die legkaartstukke van die hede en verlede in mekaar te pas en word so meer betrokke by die verhaal.

'n Laaste belangrike element is die handeling en die motivering daarvan. Omdat dit 'n spannings/misdaadverhaal is, is die karakters se optrede en hulle motivering belangrik. In 'n "krimi" (misdaadverhaal) is die daad en gevolge van die daad belangrik en die leser plaas die karakters onbewustelik in twee groepe: die goeie ouens en die slegtes. In hierdie verhaal loop hierdie lyne egter deurmekaar en is daar 'n groot grys gebied, waar skuldig en onskuldig nie so duidelik van mekaar geskei kan word nie. Dit is juis een van die temas van die boek, wat ook op die voorblad genoem word: Niemand is ooit heeltemal onskuldig nie. Elkeen het 'n rede hoekom hy op 'n sekere manier opgetree het en die persone wat as beskermers en wetshandhawers moet optree, is dikwels diegene wat hul mag misbruik en waaronder mense ly.

Hierdie is 'n heerlike spanningsverhaal en hoewel dit deel is van 'n reeks, is dit nie nodig om van die vorige titels te lees nie, die boek staan sterk genoeg op eie voete. Die spanningslyn is baie goed beplan en die karakters is geloofwaardig en hul handeling is nie ongemotiveerd nie - alles wat 'n mens van 'n goeie misdaadverhaal verlang. Jy sal nie 'n oomblik verveeld wees met hierdie boek nie.

Die wenner van hierdie boek ontvang ook Sondag deur Irma Venter.

NUUT | Human & Rousseau Sondag

DEUR IRMA VENTER

Beskrywing

Sondag. Oukersaand. Ná 'n inbraak by die Stables Estate in Pretoria-Oos word bekende sakeman Lafras van Zyl vir dood agtergelaat. Die res van die Van Zyl-gesin verdwyn spoorloos: Katerien van Zyl, vryduiker met 'n Amerikaanse paspoort, en ook haar kinders Willem en Cath. Ná ses weke is daar nog geen leidrade nie, en kaptein AJ Williams van die Brooklyn-speurtak moet inspring om te help.

Joernalis Alex Derksen en fotograaf Ranna Abramson is op die spoor van die sewentienjarige Martina Buitendag, van Stilfontein. Sy het in Johannesburg vermis geraak en die enigste leidrade oor waar sy haar bevind is 'n verslete tas met R20 000 kontant en 'n handvol foto's.

Twee misdade. Talle sondes. Meer vrae as antwoorde.

Oor die outeur

Irma Venter is 'n joernalis by 'n mediamaatskappy in Johannesburg. Sy het in 2012 die Siemens Africa Profile-toekenning vir haar skryfwerk oor wetenskap en tegnologie ontvang. Sy het die ATKV-woordveertjie vir spanningsverhale ontvang vir haar debuut, *Skoenlapper*. Dit word opgevolg deur *Skrapnel*, *Sondebok*, *Skarlaken* en *Sirkus*.

Vir medianavrae oor
die boek of die skrywer kontak
Adriëtte le Roux

Tel: 021 406 2070/3033
E-pos: adriette.leroux@nb.co.za



Uitgewer: Human & Rousseau
Publikasiedatum: 18 September 2018
Prys: *R275
Bladsye: 432
Formaat: 213 mm x 137 mm
Bindstyl: Sagteband
Kategorie: Afrikaanse roman
ISBN-13: 9780798177399
Epub-ISBN: 9780798177405
Mobi-ISBN: 9780798177412
Strepietkode: 9780798177399

* Prys onderhewig aan verandering



'n drukmaatskappy van



Wedstrydvraag om beide LUX Verbi Uitgewer-boeke te wen: Noem die titels van beide boeke wat deur Lux Verbi-boeke geskenk word en deur een gelukkige DK-vriendin gewen kan word.

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier), selfoonnommer en antwoord na: admin@dameskring.co.za

BAIE DANKIE AAN LUX VERBI UITGEWERS VIR DIE PRAGTIGE BOEKE WAT HIERDIE MAAND DEUR HULLE GEBORG WORD



CUM BOOKS



WENNERS VAN JUNIE-BOEKE:

DIE MEESTERSTUK *deur* Francine Rivers (Cum Boeke)

Coreen King, STEYNSBURG

SELMA EN LOUISE *deur* Susan Coetzer (Lux Verbi)

Magriet van der Merwe, BLOUWATERBAAI, Saldanha

ONS VENNOTE:

Die Erfenisstigting hou 'n baie interessante Vrouedag vanjaar met Elsabe Brits, bekroonde skrywer. Sy gaan kom praat oor haar navorsing oor haar boek *Emily Hobhouse – geliefde verraaiër!*

Ons vra asseblief julle ondersteuning om die geleentheid vir ons te adverteer en om die uitnodiging wyd onder vriende en familie versprei – ons wil so graag vanjaar 'n groot sukses van Vrouedag maak. Elsabe vlieg spesiaal van die Kaap af om die praatjie te kom lewer.

OP DIE SPOOR VAN EMILY HOBHOUSE IN DIE ANGLO-BOEREOORLOG *en Ontdekkingsreis*



ELSABÉ BRITS bekroonde skrywer & joernalis

4 AUGUSTUS

Bespreek teen 27 Julie
Betaal via EFT

R200

Sluit ontbyt &
toegang in

9:00 - 12:00

Erfenisentrum @
Voortrekkermonument



Bespreek by Thea Fürstenburg - thea@vtm.org.za / 012 326 6770
Die Erfenisstigting - ABSA Brooklyn - Rek nr 405 620 9535 - ES48 + jou van



CUM BOOKS





Maak 'n Lappop



#met hart!

Helpende Hand Orania bied 'n opwindende #met hart-kompetisie aan!
Koester 'n kind met jou lappop!

EERSTE PRYS
'n Week se vakansie (7 dae, 6 nagte) in Orania vir 'n gesin van 6 propvol ekstra verrassings!

TWEDE PRYS
'n Naweek vir 2 in Orania propvol ekstra verrassings!
Vir meer inligting oor die vakansiebehuising kan Corrie Jacobs geskakel word by: 082 373 0445

www.helpendehand.co.za • 0861 25 24 23




In Orania fokus ons in 2018 op gesonde gesinne. Vir ons beteken dit gesinne waar elke lid 'n veilige plekkie het en elke lid kan groei en blom! 'n Lappop kan vir 'n kind vertel hoe waardevol sy of hy is.

Help ons om die boodskap van koesterende gesinne dwarsoor Suid-Afrika uit te dra deur 'n lappop in te skryf en dalk 'n opwindende prys te wen!

Kompetisiereëls

- Daar is twee kategorieë in die kompetisie: Outydse lappop en hedendaagse lappop. Merk baie duidelik vir watter kategorie ingeskryf word.
- Ingeskrewe lappoppe word die eiendom van Helpende Hand Orania wat dit sal verkoop vir fondse. Fondse sal gebruik word vir die versorging van kinders in veilige bewaring en om aan hulle die geleentheid te gee om deel te wees van 'n koesterende gesin. Sommige lappoppe mag deur Helpende Hand Orania as geskenke aan kinders uitgedeel word.
- Om vir die kompetisie te kwalifiseer, moet die lappop voldoen aan die vereistes van die afdeling waarvoor daar ingeskryf word. Lees die tabel hieronder.
- Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 15 September 2018 om 17:00.
- Vul die inskrywingsvorm noukeurig in en speld dit met 'n haakspeldjie vas aan die pop.
- Stuur die lappop aan:
Helpende Hand Orania
SenBelgebou, A106 H/V Saffier en Diamantlaan, Orania, 9872.
Of pos dit aan:
Helpende Hand Orania, Posbus 101, Orania 8752
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen pryse mag genuil word nie.
- Die lappoppe moet aan die volgende vereistes voldoen:

Hedendaagse lappop

- Die lyf van die pop moet van duursame tekstielstof gemaak word.
- Gelaatstrekke moet handgeborduur word.
- Geen gemoduleerde gesigte word toegelaat nie.
- Geen knope of krale op die gesigte word toegelaat nie.
- Hare kan van enige geskikte draad of stof wees, maar moet stewig vasgewerk word.
- Popklere moet los wees om aan- en uitgetrek te word.
- Die popklere moet netjies en stewig gemaak word.
- Die lappop met tussen 30cm en 50cm lank wees.

Outydse lappop

- Geen gekoopte dele, vir gesig en ledemate word toegelaat nie.
- Die tekstielstof wat gebruik word, is kalko /ongebleikte linne.
- Die kop, lyf, arms en bene word as geheel uitgesny.
- Die arms en bene word teen die lyf deurgestik nadat dit gestop is.
- Gelaatstrekke moet handgeborduur word.
- Geen gemoduleerde gesigte word toegelaat nie.
- Die gesig word nie gefatsoeneer nie, maar gevorm met pynlate om die nek.
- Geen knope of krale vir die ogies nie.
- Hare kan van enige geskikte draad of stof wees, maar moet stewig vasgewerk word.
- Popklere moet los wees om aan- en uitgetrek te word.
- Slegs die skoene kan nie uitgetrek word nie.
- Die lappop met tussen 30cm en 50cm lank wees.

Inskrywingsvorm (speld aan die lappop vas)

Naam en van: _____

ID nommer: _____

Posadres: _____

Telefoonnommer: _____

E-pos adres: _____

Kategorie (merk die een waarvoor u inskryf):

Outydse lappop: Hedendaagse lappop:

www.helpendehand.co.za • 0861 25 24 23



Uit die kantoor... deur Sonja Bothma

DIREKTE LYN NA HOOFKANTOOR: **012 301 1761**

FAKSNOMMER: **086 416 4782**

KLITS KLETS

Die Dameskring (HOOFKANTOOR):

Gerard Moerdijk-huis, Voortrekkermonumentterrein, Eeufeesweg, PRETORIA

Tel: 012 301 1761

Faks: 086 416 4782

admin@dameskring.co.za

Webtuiste: www.dameskring.co.za

U ontvang hierdie e-pos omdat u geregistreer is as 'n lid op *Die Dameskring*-databasis. Indien u dit nie wil ontvang, e-pos asseblief 'Kanselleer' na admin@dameskring.co.za



CUM BOOKS

